HARMONISERING VAN AFRIKA SE SAADWETTE VIA SAOG EN COMESA



Harmonisering van saadwette kom daarop neer dat al die lande in 'n streeksblok dieselfde variëteitvrystellingstelsels, dieselfde saadsertifisering- en -toetsprosedures, en dieselfde kwarantyn- en plantgesondheidmaatreëls vir saadproduksie en -verspreiding sal toepas. Daar sal een ***Streeksaadlys*** of ***Streeksaadkatalogus*** wees waarin details verskaf word van saadvariëteite wat op streeksvlak deur 'n sentrale besluitnemingsgesag goedgekeur is. Dit kom daarop neer dat, indien goedgekeur vir insluiting in die Streeksaadlys, 'n saadvariëteit wat vir slegs twee seisoene in een land vrygestel en getoets is, in al die ander lande in die streeksblok geproduseer en verhandel kan word.

Harmonisering van saadwette word deur streek-ekonomiese gemeenskappe (SEG's) gereguleer. Die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG) se geharmoniseerde saadregulatoriese stelsel geld vir **15** lidlande, onderwyl die Gemeenskapsmark vir Oos- en Suider-Afrika (COMESA) se geharmoniseerde saadverhandelingsregulasies vir **19** lidlande geld. Individuele lande word verplig om hul saadwette te hersien ten einde aan die streekharmoniseringsproses te voldoen. Dit kom daarop neer dat die streeksregulatoriese stelsel meer gesag sal hê as die regering van 'n land ten opsigte van watter saadvariëteite op streeksvlak vrygestel mag word.

Harmonisering het ten doel om streeksaadhandel oor verskeie lande heen te verhoog sowel as die rol wat private saadmaatskappye in saadproduksie en -verspreiding vervul. Dit sal groter saadmarkte vir hierdie maatskappye skep.

www.acbio.org.za info@acbio.org.za Tel +27 (0)11 486 1156

dirkducoelho.com